


Die demokratiese party-politiek het nog nooit vir die arm man iets meer as beloftes gegee nie. Die bewys: die 300,000 blanke armes.



Die Ossewabrandwag het nog altyd vir die verdruktes hulp en liefde gegee. Die bewys: die £35,000 van die O.B.-Noodhulpfonds.

TWEDE JAARGANG.

WOENSDAG, 20 OKTOBER 1943.

No. 48.

STELLENBOSCH HULDIG ONS HELDE

Eenheidsoptrede in Gees Van Volksbeweging

Onder leiding van die A.N.S.-tak en met volle steun van die Studenteraad het Stellenbosch op 9 Oktober sy grootse Helderdagviering in baie jare gehou. Die grootse onderneming het ten spyte van die onplesierigste weer uitstekend afgeleef en was vir Stellenbosch 'n mylpaal op die weg na herstelling van die ware volkseenheidsgelede waarvan ons volk onder leiding van die Afrikaanse Volksbeweging in die jongste tyd opnuut bewus word. In die organisasie van die dag het alle studentekragte hul heelhartig ingeskaal agter die A.N.S.-tak wat die leiding op hom geneem het. Met die daadwerklike ondersteuning van die O.B.-studenteorganisasie het die A.N.S.-tak gesorg dat die verrigtinge dwarsdeur die stempel gedra het van die ordelike en netheid maar ook onstuitbare krag van die Volksbeweging, soos veral Stellenbosch dit in die jongste jare leer ken het.

As inleiding tot die dag het 'n kwartmyl-lange optog van studente deur die strate na die feesterrein, Coetzenburg, beweeg: op die voorpunt 'n perdekommando en die deftige koets waarin „pres. Kruger” en „pres. Steyn” plaasgeneem het; dan 'n pragtige reeks voorstellings van die dinge wat van waarde is in die bou van 'n gesonde, nasionaalbewuste volk; onder laasgenoemde is veral indrukwekkend die arbeidsafdeling, georganiseer deur die O.B.-studente-arbeidsleier, met hul baniere „Wat die volk saai . . . sal die volk maai” en op die skouers alle soorte plaasgereedskap, van grawe, pikke en 'n ploeg tot sekels en sensse, en die kleurrike groep liggaamsopvoedingstudente wat op die maat van die bekende tamboerafdeling van die studentekommando's met netjiese vlagbewegings marsjeer. Op Coetzenburg word hierdie proses deur die hysing van die twee Republikeinse vlae afgesluit, en dan volg die feesredes e.d.m.

Die redenaar van die oggend was ds. Jozua Theron van Oudtshoorn, wat sy kragtige toespraak oor die betekenis van heldeverering tot 'n hoogtepunt gevoer het met 'n beroep op sy gehoor van 2,000 om uit die volkslewe alle verdelende invloede te weer. In die aandprogram, wat in die stampvolle stadsaal byna nog meer indrukwekkend was, het dr. P. J. Schoeman 'n inleidende toespraak vir die jeug gelewer op grond van die gedagte: „Sluit die gelede”; en daarna het prof. dr. J. de W. Keyter van Bloemfontein — een van die vooraanstaande akademiese kragte van die volksbeweging — as hoofredenaar van die dag sy feesrede gehou oor die erfenisse van die verlede as grondslag vir die gesonde lewe van die organiese volk. Dr. R. W. Wilcocks het as Rektor van die Universiteit die sprekers en organiseerders in 'n baie mooi slotwoord bedank. Ten slotte het 'n reeks voorstellings uit die heldegeskiedenis die dag tot 'n skitterende einde gevoer.

Genl. Bootha Besoek Gebied A

Genl. Louis Bootha, Leier van Gebied E, gaan tussen 6 en 17 November 'n reeks vergaderings in Gebied A hou. Sy reis begin met 'n vergadering op Upington en eindig op Oudtshoorn. Besonderhede sal later bekend gemaak word.

Afrikaanse Werkers Soek Skuiling Binne O.B.-Arbeidslaer

Uit verskillende oorde van die mees uiteenlopende persone kom gedurig navrae omtrent die Arbeidslaer van die Ossewabrandwag. Dit is 'n besonder verblydende teken en wys teweens daarop dat die Arbeidslaer in 'n langverwagte en aktuele behoefte voorsien.

As in aanmerking geneem word watter lewensbelangrike dienste die Arbeidslaer van die volk moet lewer, verskaf sy bemoedigende groei 'n geruststelling vir die toekoms. Dit skyn asof die volk weet wat hy wil en vasberade is om dit te verkry.

Met die organisatoriese uitbouing van die Arbeidslaer het die Ossewabrandwag weereens bewys gelewer van pligsgetroue taakvervulling. En die feit dat die volk onmiddellik die Arbeidslaer met geesdrif aanvaar het, bewys onteenseglik dat die Afrikaner die O.B. as sy eie reddingswapen geëien het.

Rustelose onsekerheid en vertwyfeling is die teken van ons tyd. Wat? Hoe? Waar? Wanneer? is die vrae van die verwarde mensdom. In Suid Afrika midde-in hierdie verwarring staan die Ossewabrandwag — kalm, doelbewus en vasberade, nie volksvreemd nie en seer seker ook nie tydsvreemd nie. Elke Afrikaner weet dat die O.B. gekom het, histories geroepe, om gedurende hierdie tyd ons volk in koersvaste beweging te sit ten einde te verhoed dat ons mense doelloos rondmaal.

STERKMAGTIGE NASIONALISME

Die feit dat ons volk in hierdie oorlog van die kapitalistiese Empire van die Jood en die Brit ingesleep is en magteloos was om dit te verhoed, het die dringende behoefte aan sterkmagtige nasionalisme geopenbaar. Die koms van die Ossewabrandwag was die luide wêreld tot die volk om aan te sluit by die gedissiplineerde opmars van die Afrikaner na sy nasionale bestemming — 'n vrye Boererepubliek.

OP DIE DRUMPEL

Die groot taak van ons tyd is die vestiging van 'n sosiale orde wat die bevrediging van die elementêre noodsaaklike menslike behoeftes kan waarborg. Die hele wêreld staan vandag op die drumpel na 'n nuwe bedeling. Ook ons staan aan die einde van die kapitalistiese uitbuitingseera en met vlammende hoop, reikhalssend, sien ons uit na die daglimier van 'n nuwe volksversorgingseera.

VOLKSVERSORGING

Die O.B. is beslis nie tydsvreemd nie. En hy aanvaar ook stilweg dog beslis die spesiale taak wat die tydsnood op hom gelê het.

Net soos die O.B. die huisgesinne van die volk saamgesnoer het in sy Kommando-organisasie, om te geleegnertyd met 'n magtige volksdaad ons republiek te verkry, net so is die Ossewabrandwag reeds geruime tyd al besig om die volk volgens nering in groot arbeidsgemeenskappe saam te bind, ten einde die grondslag te lê van 'n omvattende sosiale organisasie wat in ons toekomstige republiek bestaansveiligheid en sekuriteit aan elke Volkslid sal waarborg. Hierdie omvattende sosiale organisasie, waaraan lank reeds gewerk is en wat nou eendelig na buite begin vertoon, heet die Arbeidslaer van die Ossewabrandwag. In die Arbeidslaer is die ganse volk verenig tot 'n volmaakte arbeidende, werkende organisasie. Wie lid is van hierdie woele organisme — en elke enkeling van die volk sal lid word hiervan — is beter verseker ten aansien van sy, en sy vrou en kinders se toekoms, as die arm man met die beste assuransiepolis in 'n kapitalistiese staat.

ALMAL SOEK VEILIGHEID

Die ontwrigting — ekonomies, sosial en andersins — wat noodwendig op

die oorlog sal volg, vervul alle verantwoordelike mense met benoudheid vir die toekoms. Almal wil weet wat gaan van my en my afhanklikes word as hierdie wêreldbrand eens geblus is? Wat gaan die toekoms baar? Werkloosheid, ellende en armoede vir die menigtes en weelde vir die enkeles? So nie, wat dan?

DIE VALSE PROFEET

Mense van alle rasse, kleure en geure stel hierdie vrae. En soos padstoele verrys die holle, valse antwoorde. Die een soek dit in haat, wrevelige haat en die totale uitdelging van die vyand. Ander wil pasifisme en 'n internasionale statebond sien verrys. Die valse profete en demokratiese demagoë skree die verwarde massas agterna: „Atlantiese handves”, „Social Security”, en nog ander slagwoorde en propagandaspreuke.

'N KLINKENDE DAAD

Die O.B., as verantwoordelik en ernstige beweging, en handelende op die feit van die byna waansinnige verwardheid waartoe die mens deesdae deur propaganda gedrywe word, beset terdeë dat een klinkende daad meer beteken as 100 diepsinnige toesprake, bepeinsinge, en gewigtige besluite. Diep onder die indruk van hierdie besef het die O.B. stilweg sy Arbeidslaer begin uitbou. En vandag staan die

(Vervolg op bls. 2, kol. 4)

K.G. OP VRYBURG

Op 'n kort toer deur Wes-Transvaal is die Kommandant-generaal deur genl. P. Grobler en komdt. P. du Plessis op Amalia ontmoet waar 'n byeenkoms gereël was. Verjaardagsgelukwense namens die Generaalskap is aan die K.G. deur Senator I. Raubenheimer oorgedra.


Hierop het gevolg vergaderings op Bray en Vryburg wat deur geesdriftige opkoms van alle Brandwagte en belangstellendes gekenmerk was. Die vergadering op Vryburg het besonder goed afgeleef. Die K.G. en genl. Grobler is deur 'n perdekommando van 50 ruiters en 'n koor 'n paar myl buite die dorp ontmoet. Na die welkomswaard deur genl. Grobler het die K.G. die ruiters en koor bedank en ook melding gemaak van die moedige gebaar van die Vryburgse koor tydens die ingegtenisname van 13 van Vryburg se Offisiere en Brandwagte toe die koor met vlase deur die strate van Vryburg gery het onder die gesing van O.B.-liedere. Na die middag-ete is 'n gesellige middag deurgebring met musiek, gesang en die verkoop van verskaffings en lekkernye ten bate van die Fonds.

Die aand was die stadsaal stampvol toe genl. Grobler die vergadering geopen het. In sy toespraak het hy die O.B. se houding i.v.m. die verkiesing op Vryburg behandel en ook die syfers van gelde wat met 8 Augustus ingesamel is wat in alle kommando's 'n styging aangetoon het.

Kunstige verjaardag-geskenke is aan die K.G. namens die Vryburgse en Christiaan de Wet-kommando en Brandwag Beukes oorhandig.

Die K.G. het in sy toespraak wat geesdriftig ontvang is, klem gelê op die prestasies wat die O.B. in die verlede behaal het en die gees wat geopenbaar is, en het aangetoon hoe met daardie gees wat ons deur die swaarste stryd 4 jaar lank gedra het, min nou getwyfel hoef te word aan die oorwinning wanneer die felle storm begin verminder, waarvan tekens reeds te bespeur is. — (Meegedeel.)

Sonnige tabakblare rus in geurige ou wynvate. Onverstoord word hul ryper en ryper totdat u die volmaak geurige beleë kwaliteit van drordy-tabak kry.



drordy die rypste tabak bekend.

drordy TABAK IS IN OU WYNVATE BELEË

MEUBELS

PRYSE STYG VINNIG.

KOOP NOU!

ONS HOU ALLEENLIK GOEIE KWALITEIT MEUBELS IN VOORRAAD.

Werda Meubelhandelaars


(Eiendoms.) Beperk.

Grootse Kerkgebou, KAAPSTAD.

Posbus 210. Foon 2-6806.

Waarde vir geld

Kommando



-sigarette

ONDERSTEUN ONS ADVERTEERDERS

Schoemanello Drank...

VIR KWALITEIT EN TEVREDENHEID DIE GOEDKOOPSTE

	12 bottels van 1 tot 6 bottels neem in gemengde	6 bottels van 6 tot 12 van een soort te neem in klas- sie van 12 bottels.	6-gel. vaantjie of meer
WYN:			
Fonkelwyn	5/-	5/-	—
Lewenswyn	3/6	3/6	—
Vermouth	2/6	2/6	—
Hanekraai-Cocktail	3/6	3/-	—
Likewyn en Ou Port	2/-	1/8	8/6
Jeripigo Rooi en Wit	1/3	1/2	6/-
Soet Muskaal en Port	1/2	1/1	5/6
Worce. Hock en Pontak	1/1	1/-	5/-
Spesiale Sjerrie	1/-	11d.	4/9
Sjerrie	11d.	10d.	4/3
BRANDEWYN:			
Schoemanello	7/6	6/6	36/-
Ekstra Spesiaal	7/-	6/2	34/-
Brandewyn F.C.	6/6	6/-	33/-
LIKEUR-BRANDEWYN:			
Kersie, Anys, Gemmer, Lemoen, Peperment en van der Hum	6/6	5/6	31/-
JENEVER LIKEURS:			
Lemoen en Suurlemoen	7/6	6/6	—

Bestel van

JURGENS SCHOEMAN,

POSBUS 142, — OUDTSHOORN.

„Liefdadigheid” Vernietig Ons Volk!

O.B. Wil Elkeen Bestaansmoontlikheid Gee

Die bostaande stelling, oppervlakkig beskou, lyk teenstrydig en 'n mens is geneig om te sê dat liefdadigheid onder alle omstandighede prysenswaardig is. As ons egter die posisie in oënskou neem wat die sogenaamde liefdadigheid teenoor ons volk inneem en dit deeglik ondersoek, vind ons dat daar in ons vaderland met al sy natuurlike rykdomme 'n ontsettende groot getal blanke armes is wat onder, ja ver onder, die broodlyn lewe.

Dit weet, erken en betreur ons almal en daar word heeldag gepraat dat ons hierdie volksgenote moet help en ophef, maar die enigste hulp wat hulle aangebied word, is die een of ander vorm van liefdadigheid, almoeë wat aan hulle uitgedeel word waarop hulle, soos hulle terdeë besef, nie geregtig op is nie, maar wat uit goedhartigheid aan hulle gegee word. Dag in en dag uit, jaar in en jaar uit, terwyl hulle worstel om siel en liggaam aanmekeer te hou en liefdadigheid hulle net genoeg gee om hulle van 'n hongerdood te red, knaag hierdie besef aan hulle selfrespek, aan hulle verantwoordelikeidsgevoel en aan hul selfstandigheid. Is dit dan 'n wonder dat baie met die verloop van tyd versleg en later net altyd wil ontvang waar hulle nie verdien het nie? Nee, dit is geen wonder nie maar die wonder is intendeel dat daar nog so baie van daardie minderbevoorregtes is wat sry en veg om hulle selfrespek te behou en om 'n eerlik lewe te voer — 'n bewys van die edele bloed wat in hulle are vloei.

Onder die demokratiese stelsel in ons land span almal egter saam om hierdie strewe te veredel, die Regering, die liefdadigheidsinrigtings, met watter goeie bedoelings ook al en by uitstek die kapitaliste — die geldbase.

Het u al daaroor gedink hoe dit in die kraam pas van Empire-handlangers, van uitbuiters en van uitlanders om 'n al groter wordende deel van die Afrikanervolk van hul selfrespek, vertroue en volksgevoel te beroof deur hulle dieper en dieper in die modderpoel van armlankedom in te druk terwyl daar oënskynlik deur dieselfde mense sogenaamde liefdadigheid aan hulle bewys word? Waarlik as hierdie proses toegelaat word om ongesteurd voort te gaan sal die uiteinde wees die vernietiging van ons volk en sal daar dan met reg gesê kan word dat ons volk deur liefdadigheid vernietig is.

Kan hierdie posisie onder ons teenswoordige demokratiese stelsel verhelp word? Die antwoord op hierdie vraag is 'n besliste en ondubbelsinnige „nee”. Nie alleen het die verlede dit oor en oor bewys, maar die hele aard en wese van die demokratiese stelsel verhoed dit. Onder hierdie stelsel word die enkeling, die persoon, verheerlik ten koste van die volk as geheel en dit het daartoe gelei dat die strewe om te bestaan ontaard het in 'n strewe om jou medemens te uitoorle, m.a.w. elkeen vir homself, en die een wat die beste daarin slaag, is die beste daaraan toe afgesien van die middels wat hy aangewend het om sy doel te bereik. As hy twyfelagtige of oneerlike middels gebruik het, kan hy immers die man of mense wat as gevolg daarvan uitgesak het en armlankes geword het 'n bietjie liefdadigheid bewys en aldus sy gewete tevrede stel.

AAN ELKE LESER

Leser, u mede-Afrikaner wat nie intekenaar is of mag wees op Die O.B. nie, het meer behoefte om die blad te lees as u wat gedurig in die gees van die Volksbeweging verkeer. Geo hom iets van daardie gees deur u blad aan hom te ges!

VERLOWINGS, HUWELIKE, GEBOORTES, ens.—kondig dit aan in DIE O.B.

O.B. SE DOEL

Wat nou is die houding van die Ossewabrandwag teenoor hierdie brandende volksvraagstuk en wat beoog die Ossewabrandwag in hierdie verband? Wil die Ossewabrandwag meer liefdadigheid teenoor hierdie minderbevoorregte Volksgenote bewys? Nee, dit allermins! Die Ossewabrandwag beoog, nee meer, die Ossewabrandwag eis dat aan elkeen van hierdie volks-genote die geleentheid gebied word om so 'n bestaan te maak en so 'n verdienste te verkry dat hy en sy gesin 'n ordentlike lewe kan voer sonder om enigszins afhanklik te wees van liefdadigheid. Wat hy nodig het verdien hy self, dit behoort aan hom en hy hoef dit nie te bedel nie. Hy is 'n waardige lid van die gemeenskap en hy weet dit; meer nog, hy is voorbereid en ook bereid om sy verantwoordelikeheid as sodanig te dra en sy deel te doen in die uitbouing en opheffing van ons volk.

Afrikaanse Werkers Soek Skuiling

(Vervolg van bls. 1)

Arbeidslaer van die O.B. daar, onverganklik gevestig, om verwarde gedagtes op te helder, rustelose gemoedere te kalmeer, vrees vir die toekoms te verban — as die waarborg van die sosiale reg en regverdigheid wat die grondslag sal vorm van die toekomstige nasionale sosiale gesagsrepubliek van die Ossewabrandwag.

NUWE HOOP VERWEK

Dat baie volkslede — veral nywerheidswerkers — reeds kom skuiling soek het in hierdie laer, getuig gunstig van die geesdrif uit alle oorde vir die Arbeidslaer. Die behoefte voel dat die laer vir hom 'n kans bied om sy lot blywend te verbeter en om in die toekomsstaat 'n waardige burger van die land te wees. Die gewone man voel dat hy eindelijk in die laer 'n waarborg vir toekomsveiligheid en sekuriteit het. En die sosiale hervormer — van wie die kapitalisme al byna 'n sinikus gemaak het — sien in die laer eindelijk 'n middel om duisende uitgewekenes weer op te neem in die vöts-lewe. En almal werk geesdriftig en ywerig saam.

ELKEEN OP SY POS

Alle Afrikaners is welkom in die Arbeidslaer van die O.B. Die laer het so 'n magtige, verheer en noodsaaklike taak dat geen Afrikaner, in sy eie en in sy volk se belang onsydig of afsydig teenoor die laer durf staan nie. Die boer, die predikant, die mynwerker, die professor, die soldaat, die onderwyser, die nywerheidswerker is almal arbeiders en elkeen het sy plek in die laer. Elkeen moet in die laer op sy pos wees om sy plek in die nuwe staat te verseker.

Besonderhede in verband met die Arbeidslaer is verkrygbaar van die stafhoof, Posbus 8262, Johannesburg.

VAN RIEBEECK-TRUST

MAATSKAPPY BEPERK

SECURITY GEBOU GRONDVLOER

REGOOR CALICHS

KAAPSTAD

Opgerig kragtens Maatskappywet No. 46 van 1926.

TE KOOP

VAN RIEBEECK-TRUSTMAATSKAPPY BEPERK bied aan:

Die BESTE PRODUSERENDE PLASE met waardevolle verbeterings, in die omgewing BELLVILLE — MALMESBURY — DIE PAARL — SOMERSET-WES — STELLENBOSCH — DIE STRAND — TULBAGH — VILLIERSDORP — WELLINGTON en hele KAAPLAND.

DIE BESTE KOPIES WORD DEUR ONS GEREEL.

WOONHUISE in Kaapstad, Voorstede en omliggende dorpe teen die BILLIKSTE PRYSE.

Om verdere besonderhede doen aansoek by:

Van Riebeeck-Trustmaatskappy Beperk

SECURITY-GEBOU, Bus 1527, Foon 3-0764, KAAPSTAD; of sy Takkantore, Voortrekkerweg, Bus 48, Foon 9-7222, BELLVILLE; en Michaustraat 11, Bus 56, Foon 178, DIE STRAND.

MAGTIGE ROLPRENTVERTONING IN KLEUR.

„Die Gedissiplineerde Afrikanerdom”

DIE PRENT VAN DIE JAAR.

Toegejuig deur Tienduizende Afrikaners.

Die Eerste 100% Afrikaanse Rolprent van sy Soort.

- Verering van Boersheide.
- 'n Blik uit die slag van Amajuba.
- Die Stille skoonheid van die Wildtuin.
- Romantiese tonel in die hoofstad van Oom Paul.
- 15,000 gedissiplineerde Afrikaners op parade.

KOM KYK WAT U EIE BEWEGING REEDS PRESTEER HET!

(’n Roaf-Vertoning.)

IN ORANJE VRYSTAAT

KOPJES	22 Okt.	BETHLEHEM	28 Okt.
FRANKFORT	25 „	FOURIESBURG	29 „
REITZ	27 „	HARRISMITH	30 „

Die Geloof van 'n Brandwag getoets

III.

„Wel ou Ossie,” sê my vriend toe ons mekaar weer ontmoet, „julle voel seker nou weer 'n bietjie beter, nou dat die Duitsers weer begin vastrap of tenminste belowe om dit êrens te doen.”

„Nouja, dis seker nie te sleg vir ons blanke, christelike beskawing se toekoms as hulle sal standhou teen die Bolsjewistiese aanslag nie. Maar daar is geen besondere rede waarom ons Ossies, soos jy te kenne wil gee, juis spesiaal beter sal voel daaroor nie.”

„A nee a, hoe praat jy dan nou? Het julle leier dan nie net bietjie meer as 'n jaar gelede op Parys verklaar dat die verwesenliking van julle ideaal geheel-en-al afhanklik is van 'n Duitse oorwinning nie? Dis soos ek met ons vorige gesprek gesê het — die politieke eenheid wat julle nastreef, kan alleen deur 'n buitelandse mag afgedwing word. Julle het daarvoor julle hoop op Duitsland gevestig; en as Duitsland nie die oorwinning behaal nie, is daar geen hoop op die verwesenliking van julle ideaal nie. Dit is tog rede genoeg vir julle om nou weer 'n bietjie die bors uit te stoot, nou dat Duitsland sy „glorious retreat” beëindig het, of dit vereers tenminste so lyk. En dan het Mussolini ook weer 'n bietjie begin grootpraat. Ja, nee, daar is rede vir julle om effe beter te voel.”

„Jy praat nogal ligsinnig oor ernstige sake; dit lyk ook of jy vergeet het dat dr. Malan ook al die gedagte uitgespreek het dat Engeland klaar die oorlog verloor het, en van Duitsland verneem het wat sy plan met Suid-Afrika sou wees, as hy die oorwinning sou behaal — jy weet mos daardie keer toe die Duitse radio aan hom laat weet het om nie oorbodige vrae te stel nie, ons. Maar wag, ek wil nie as pot die ketel verwyf nie: ek sal jou behoorlik van antwoord bedien, maar eers moet ek terugkom op twee ander moeilikhede van jou teen ons volksbeweging. Wat was dit nou weer?”

EENHEID IN VEELHEID

„Wel een ding wat my vreemd voorkom het, is dat jy praat van volkse-eenheid in 'n volksbeweging of politieke volksorganisasie, iets wat soos ons nou net gesien het alleen deur buitelandse hulp verwesenlik kan word, en dat jy tog terselfdertyd te kenne gee dat dit nie nodig is om alle Afrikaners in daardie organisasie verenig te hê nie — 'n volksbeweging waar 'n deel van die volk buite staan, slaan my dronk.”

„Weet jy dan van enige volksbeweging waar die hele volk aan deelgeneem

het? Ek weet net van die uittog uit Egipteland en dit was, soos dr. Malan sal sê, 'n Godswonder. Maar laat ek liever duidelik maak wat ons bedoel met 'n volksbeweging sonder dat die hele volk daarin opgeneem is. Dit is 'n volksbeweging ten eerste omdat daar net een van sy soort is vir die hele volk, soos ons ook praat van 'n volkskerk en volkskool. Verder omdat dit die volksideaal beliggaam aan al sy kante en in al sy vorme. Ten derde omdat dit oopstaan in gees en daad vir enige volkslid en sorgdra vir elke volksgeenoot. Ten vierde omdat dit al die vertakkinge van die volkslewe in hom opneem, die kulturele, die ekonomiese, die godsdienstige sowel as die suiwer politieke en militêre. Om dit skerp te sê, in die volksbeweging is daar net sowel plek vir die predikant as vir die politikus, want in die volksbeweging word volkspolitiek beoefen, d.w.s. die politieke kant van elke volksaak, soos die godsdienst ook is; die predikant het daar dus ook werk en hy hoef daarin nie teen volksgeenote te veg nie. As 'n organisasie hierdie karakter het, is dit 'n volksbeweging en sal die volk dit as sodanig erken, al bevat dit net tien persent van die volkslede. Om die waarheid te sê, omvat dit tog in 'n sekere sin al die volkslede, want dit skakel alle volksorganisasies saam in hulle nasionaal-politieke bestaan, sonder om hulle juis in een organisasie op te los. Dit het ook sy eie lede, maar werk deur hulle en deur sy eie gees op alle ander organisasies in en so lyf dit tog alle volksgeenote in. Dit is vir ons die volksbeweging.”

DENKBEELDIG

„Maar vriend, so 'n ding moet 'n gevaarlike seekat word, as hy tot stand kan kom, 'n gedierte wat die hele volkslewe omarm en dit kan verdruk in enige vorm wat dit verkies. Dit is 'n soort pouslike tirannie wat jy hier vir die Afrikanerdom voorstel, en ons is mense van vryheid, kinders van die protes. Hoe sal ons onder so 'n stelsel kan lewe?”

„Ja, daar is gevaar in die saak, eie-lik twee soorte gevare: die een is daarin geleë dat die organisasie sy nasionale karakter sal verloor en die tweede daarin dat dit verder in ander organisasies sal inmeng as wat nodig is vir die bereiking van die nasionaal-politieke eenheidsdoel. Maar hierdie gevare is grotendeels denkbeeldig, want as sy nasionale karakter verlore gaan, sal die volk hom verlaat, en die Afrikanerdom sal sekerlik nie te veel inmenging verdra nie; die gevaar is eer-

der dat hulle nie genoeg dissipline sal wil verdra nie.”

„Dit mag wees; tog voel ek ongerus oor 'n organisasie wat oral sy neus kan kom insteek veral as dit so baie praat van dissipline, orde en gesag. Soos tevore gesê, wil dit tog maar soms lyk of dit die beste is om die volk vryelik sonder organisasie sy hoofman of president te laat kies en dat dié dan die nodige amptenare en helpers aanstel. Want 'n party-organisasie skep misken te veel verbokkeling en onderlinge stryd en 'n volksbeweging-organisasie sal moontlik weer te 'n gedwonge en kunsmatige eenheid werk.”

„Hierop kan ek maar net kortliks sê dat so iets ten eerste onmoontlik is en ten tweede onwenslik. Dit is onmoontlik omdat die verkiesing van 'n hoofman van self 'n organisasie sal laat ontstaan, en dis onwenslik omdat so 'n vrye verkiesing enige moontlike uitslag kan hê, maar in elk geval nie kan verseker dat daar die noue band tussen leier en volgelinge sal bestaan nie wat nodig sal wees om die algehele vernuwing in ons volkslewe tot stand te bring waar ons almal na uitsien.”

DUITSLAND

„Nouja, laat dit maar rus. Maar wat van die mislukking van die Duitse verlossing waarop julle gehoop het?”

„Jy bedoel waar ons almal saam op gehoop het, al het die O.B. dit duideliker gesê as die ander. Die antwoord hierop is ten eerste dat Duitsland nog nie verslaan is nie en dat hy in elk geval Europa hou en blykbaar sal hou teen die vyand. Ten tweede dat die O.B. by monde van sy Kommandant-generaal nie souseer die oog gehad het op 'n Duitse oorwinning nie, as op 'n oorwinning oor die kapitalistiese Empire en die anti-Christelike kommunisme — dit was dr. Van Rensburg se woorde op Parys. Ten derde dat daardie oorwinning veral van Duitsland te wagte was en is, omdat Duitsland alleen, so ver ons kan sien, die nodige krag daarvoor het en ook in gees gekant is teen sowel kapitalisme as kommunisme. Maar dat dit ook van 'n ander kant kan kom, b.v. deur 'n sosiale rewolusie waarvan ons die karakter nou nog nie kan vooruitsien nie. Ten vierde, dat daardie oorwinning in elk geval noodsaaklik is, as ons ideaal moet seëvier, en eindelijk dat ons vas glo dat dit sekerlik sal kom. As Duitsland verloor — wat ons nie verwag nie — is ons in elk geval nie van plan om op die ashoop te gaan sit nie. Dan sal die nodige hulp van elders moet kom — en met die oog daarop sal ons intussen maar op ons manier voortbou aan die eenheid van die Afrikanerdom.”

SPIN-WEDSTRYD

Daar is 'n jaarlikse spin-wedstryd ingestel vir Gebied A, met die volgende pryse:

1. £1 prys vir ongeveer 1 pond beste een-draad „tweed”-dikte, gespinde wol van natuurlike kleur of wit wol, geskik vir brei of hekel (gewas en gerek).

2. £1 prys vir ongeveer 1 pond beste een-draad „tweed”-dikte, gespinde wol van gemengde natuurlike kleure wol, geskik vir brei of hekel (gewas en gerek).

3. £2 prys vir ongeveer 1 pond beste een-draad „tweed”-dikte, gespinde wol, vas gekleur deur Suid-Afrikaanse kleurmiddel (gewas en gerek).

Die kleurmiddel en proses van kleurwing moet by die inskrywing wees. Die plantkundige sowel as die alledaagse naam van die plante en handelsnaam van ander middele moet, indien moontlik, genoem word.

Inskrywings moet die hoofkwartier van Gebied A bereik voor 8 Mei, waar dit deur 'n deskundige beoordeel en later in die Vriendskapsentrum uitgestal sal word.

FUNKSIE BY VEILING

By geleentheid van 'n openbare veiling te Sipreshof, Burgerville, het mev. J. P. Jooste met groot welslae 'n braaivleisfunksie georganiseer en verserings aan die aanwesiges verkoop. Die mooi bedrag van £17 is ingesamel waarvan £16 10s. in die kas van die Noodhulpfonds gestort is.

SASBANK

Verrig Volksdiens!

Lenings vir gesalarieerde persone verkrygbaar.

Terme uiters billik.

RAADPLEEG SASBANK

PAARL:— Posbus 266.

WORCESTER:— Posbus 57.


KAAPSTAD:— Posbus 2387.

'N KUNSSTUK

OM OP

TROTS TE WEES

Dit verdien 'n ereplek in elke O.B.-huis!



HANS VAN RENSBURG

GEBEELDHOUDE GIPS-RELIEF VAN ONS

KOMMANDANT-GENERAAL

Grootte 8½dm. x 12½dm.
Prys £1-5-0 of £1-7-6 posvry.
Kontant met bestelling.

Bestel dadelik van:

PUBLICITÉ

Handelsreklamediens (Edms.) Bpk.
Spoorbondkasgebou, Posbus 4892,
JOHANNESBURG.

MARKAGENTSAP

Vroeë Môre-Mark

KAAPSTAD

BETALING GESKIED ONMIDDELIK, WEEKLIKS, MAANDELIKS OF SOOS VERLANG.

RESTE HEERSEND PRYS.

MINNAAR & VAN SCHOOR

Eienaar: GUSTAV RETIEF.

Telefoon 2-0212.

VERJAARDAGVIERING!

Die verjaardag van

Die Komdt.-Generaal en Die Adjunk-Komdt.-Generaal
Dr. J. F. J. van Rensburg. Genl. J. A. Smith.

word gevier in die

STADSAAI te PAARL

op

27 OKTOBER om 8 nm.

Program:

(A) OPTOG TOT BY STADSAAI.

(a) 7 nm.: Almal met motors kom bymekaar op die Sentrale Jukskeibane van Paarl. Groot en klein vlae moet aan motors vertoon word.

(Jukskeibane is ongeveer 2 myl van Paarl Stadsaal op die pad na en van Kaapstad.)

L.W.—Deure sal gesluit wees tot 8 nm. Daar sal vir almal plek wees en besoekers word gevra om te wag totdat die deure oopgesluit word.

(B) 8 nm.: VLAGHYSING.

(a) Genle. mev. Du Toit praat oor Fondsdag.

(b) Gelukwense word aan die K.G. en die A.K.G. oorgebring deur Gebieds-leier Hf.genl. dr. F. du T. van Zyl.

(c) Toespraak deur die ADJUNK-KOMDT.-GENERAAL.

(d) Toespraak deur die KOMMANDANT-GENERAAL.

Die Program sal opgeluister word met musiek deur die O.B.-Blaasorkes.

KOLLEKTE SAL BY DIE DEURE OPGENEEM WORD TEN BEHOEVE VAN DIE NOODHULPFONDS EN AAN DIE K.G. EN DIE A.K.G. AS VERJAARDAG-GESKENK OORHANDIG WORD

Hoofartikelblad Advertisies
Aankondigings van O.B.-funksies word in hierdie kolom opgeneem teen 10/- per dalm.

O.B.-MUSIEKBUNDEL.

'n Volk sonder sang . . .
is 'n volk sonder siel !!
Elke Brandwag behoort die O.B.-MUSIEKBUNDEL te besit, die liedere te leer en te sing.

Die jongste bevel van die Grootraad is dat iedere lid die „Ossewabrandwag-lied" moet leer en sing by alle O.B.-geleenthede!!

Hierdie Bundel bevat 22 pragtige komposisies met passende woorde vir alle byeenkomste, vrolik sowel as plegtig.

Prys 2/6 Posvry.

3/6 insluitende 'n pragtige portret van ons Kommandant-Generaal.
Bestel nou by:—

Publicité
Handelsreklamediens
(Edms.) Bpk.
Posbus 4892.
JOHANNESBURG.

KOOP U EIE

O.B.-Skryfblok	2/6 elk.
O.B.-Musiekbundel	2/6 „
K.G.-Portret	1/- „
K.G.-Knopies	1/- „
Vierkleur-Vlaggies	1/- „

KENNIS IS MAG !!

Lees:

- (1) Die O.B. Vanwaar en Waarheen 1/- elk.
- (2) Gesonde Huisgesinne bou 'n Lewenskragtige Volk 9d. elk.
- (3) Drie toesprake van die K.G. oor
 - a. Parlementsverkieëing
 - b. Die Soldate
 - c. Die Kommuniste 9d. elk.
- (4) Lewensbeskrywing en eerste drie toesprake van die K.G. 6d. elk.

OOK DIE VOLGENDE BELANGRIKE BROSJURES:

1. Demokrasie of Volkstaat (deur dr. P. J. Meyer) 9d. elk.
2. Arbeidsordening binne die Volksbeweging en Volkstaat 9d. „
3. Toekomstige ordening van die Volksbeweging in S.A. 9d. „
4. Die Vooraand van ons Vrywording 9d. „

Bly op hoogte met die Doel en Strewe van die Ossewabrandwag.

Bestel dadelik u voorraad by:—

Publicité
Handelsreklamediens
(Edms.) Bpk.
Posbus 4892,
JOHANNESBURG.

DIE O.B., WOENSDAG, 20 OKT. 1943

Ons Polisiemag

'n Konstabel van die Suid-Afrikaanse Polisie is verlede week in Johannesburg tot twee maande dwangarbeid gevonnis op aanklag dat hy geweier het om 'n wettige bevel van 'n offisier uit te voer en ook dat hy uit die polisiemag sou gedros het. In die hof het die konstabel verklaar dat hy uit die diens wou gaan omdat hy nie op sy salaris kan bestaan nie en dat dit hom nie toegestaan is om sy ontslag te koop nie. „Ek wou net my posisie verbeter in belang van die mense wat vir my dierbaar is en wat van my afhanklik is. Ek kon nie uitkom met my salaris nie. As ek in die polisiemag moet bly teen die huidige salaris sal ek verplig wees om te steel of omkoopgeld te ontvang indien ek vir my vrou en kindjie moes sorg,” het hy gesê.

Die magistraat moes die koue wet toepas en die pleidooi van die konstabel kon dus nie in aanmerking geneem word nie. Maar die volk sal dit in aanmerking neem. Die polisiemag bestaan vandag hoofsaaklik uit Afrikaanse van die platteland, en dit strek ons volk sowel as daardie manne tot groot eer dat hulle, ondanks die stiefmoederlike behandeling wat hulle van owerheidsweë ontvang, en hul worsteling om 'n privaate lewe aan die gang te hou, vandag nog beskou word as een van die puik dienste in die land. Die peil van ons polisiemag is so hoog dat dit met dié van sommige ander „beskaafde" lande nie vergelyk, dog net gekontrasteer kan word. Omkoopery is iets wat soveel as onbekend in die diens is, en as die samestelling van die landsbevolking in aanmerking geneem word met sy miljoene swartes wat die opsporing van misdaad 'n uiters moeilike saak maak, sal enige regering met trots neersien op so 'n mag met sulke prestasies. En tog, die kapitalistiese bewind het in die verlede nog geen die minste blyk van dankbaarheid geens hierdie voortreflike groep manne geopenbaar nie. Na vyftien of twintig jaar diens sal 'n konstabel miskien 'n medalje vir getroue diens aan die bors gesteek word. As die koerante daarvoor lus het, sal hulle miskien 'n portret van die geleentheid publiseer met die hoogwaardige ampsbekleër wat die medalje oorhandig, as die hooffiguur op die toneel. En dan word die konstabel maar weer oorgeleë om in die newel van onbekendheid te verdwyn waar hy in stilte — wanneer hy dit kry — kan peins oor die toekoms van sy afhanklikes vir wie hy weinig meer as sy medalje by sy dood sal kan nalaat.

Waar die polisie deur hul selflose toewyding aan hul diens die kapitalis, wie se sake alleen oor die behoud van sy lewe en besittings gaan, 'n kom-mervrye bestaan verseker, sou 'n mens verwag dat hul bewind terwille van hul eie rus — want menslikheid verwag ons nie van hulle nie — die konstabel daardie mate van bestaansveiligheid sou gee wat hom minder bloot sou stel aan versoekinge soos wat deur die jong konstabel in die hof genoem is. Maar net soos hulle in hul vettigheid blind is vir die dreigende opkoms van die arbeiders se verset, net so blind en onmenslik staan hulle ook teenoor hierdie bewakers van hul veiligheid.

Gelukkig dat die Ossewabrandwag, en deur hom die Afrikanervolk nie nodig het om in hierdie terme aan die polisiediens te dink nie. Vir ons is dit bloed van ons bloed wat daar swaeg en daarom gaan ons harte uit tot hulle, want in die woorde van ons Kommandant-generaal gaan ons stryd juis om die man en vrou wat vandag swaar sukkel om te leef, in die toekomsstaat 'n beter bestaan te verseker. En in daardie staat sal die uitmeting van vergoeding nie gegrond wees op status of klas nie, maar op verdienste en karakter.

Intussen, tot tyd en wyl ons die oorwinning behaal het, kan ons die polisiemag niks meer bied as ons hoë agting en waardering vir hul verdienste

Min of Meer Belangrik

Moeder Engeland se Sorg

Volgens berig bestaan die plan om maandeliks 6,000 kiste whisky in te voer. Aanleiding hiertoe was die ver-tog van whiskystokers in Engeland tot hul regering om skeepsruimte vir die doel oop te stel, aangesien hulle bevrees is dat hulle hul mark in Suid-Afrika heeltemal sal verloor deurdat Suid-Afrikaners gewoon begin raak om brandewyn in plaas van whisky te drink.

Kort gelede het die Suid-Afrikaanse aptekers by die Regering aansoek gedoen om meer skeepsruimte vir geneesmiddels waarvan daar 'n onrusbarende tekort in die land is — afgesien van al die ander belangrike lewensmiddele. „Moeder" Engeland sorg goed vir sy kinders in Suid-Afrika . . . as dit die handhawing van 'n Britse produk op die Suid-Afrikaanse mark betref. Vir die kapitalisme is 'n afsetgebied mos van groter waarde as 'n volk se gesondheid.

Sonder Perk of Paal

Daar heers 'n groot skaarste aan botter in die land. Die oorsaak daarvan, so sê die partypolitieke bewind, is die droogtes. Daar heers ook 'n groot tekort aan sout op die oomblik. Die oorsaak daarvan, so sê dieselfde politici, is die baie reëns.

In 'n demokrasie is daar vir die volk glo geen beperking op die stel van vrae nie — en ook geen beperking op die antwoorde nie.

Uitgebrande Geesdrif

Die demokratiese hoogtepunt by die stembus verlede week staan ook in die teken van die tyd. Volgens in die pers aangekondig is, was die geesdrif besonder flou. In die Pretoriase kiesafdelings het teen vyf-uur die middag nog maar net een-sewende van die kiesers opgedaag om te stem, terwyl uit Natal berig is dat dit die stilste verkieëing in sy geskiedenis was. Die stembusstrategie is dus besig om 'n natuurlike dood te sterf.

In Ons Rigting

Die Suiderstem, wat in die jongste tyd meer as eenkeer openhartig was met sy kritiek op die Regering se gebrou, begin meer en meer tot die besef kom dat die ingewikkelde ekonomiese en maatskaplike toestande van hierdie eeu alleen met die harde hand van 'n gesagstaar bestuur kan word. In sy hoofartikel van 14 Oktober kla hy ook oor die „ondoeltreffende beheer" van die huidige bewind wat die pryse van kleinhandelslagters vasstel maar die spekulant vrylaat om onbeperkte pryse vir vee te betaal wat hy terughou ten einde die Regering te dwing om skiet te gee. „Van hierdie ondoeltreffende beheer kan ons in ons eie land vandag vele ander voorbeelde noem," laat hy volg. En dan lewer hy 'n pleidooi vir na-oorlogse beheer van produksie in alle lande.

Hierdie beheer wat Die Suiderstem bepleit, beteken niks anders nie as 'n gesagstaar, want binne die demokrasiese stelsel met sy grondslag van individuele belange, is doeltreffende beheer onmoontlik — soos die huidige bewind met sy „goedbedoelde" pogings 'n tref-fende bewys lewer.

Werkloosheid

Volgens syfers van die Departement van Arbeid was daar in die begin van die maand in Kaapstad alleen meer as 300 blankes sonder werk. Van hulle is 137 soldate wat uit die leër ontslaan is. Die skaduwee van werkloosheid begin al val, en die demobilisasie van die leër lê nog voor, wanneer tiendui-

en karakter geopenbaar in hul pligsgetroue arbeid nie. En ons bede is slegs dat hulle die eer van ons volk nog verder hoog sal hou vir die kort tydspan wat daar lê tussen die knelende hede en die oorwinning.

sende soldate nie weer na die werk sal kan terugkeer wat hulle voor hul aansluiting gehad het nie.

Na die Platteland

'n Berig in die kommunistiese blad The Guardian meld dat daar nou aandag geskenk word aan die organiserings van plaaswerkers in vakbonde. In die distrik Willowmore is by voorbeeld drie spanne skeerders georganiseer wat onmiddellik daarna hoër lone geëis en gekry het.

HULDIGING VAN LEIERS OP DIE PAARL

Die tradisionele verjaardagviering van die K.G. en Adjunk-K.G. sal vanjaar weer in die Paarl gehou word. Die funksie vind op 27 Oktober plaas in die Stadsaal om 8-uur die aand. Daar sal 'n optog van motors van twee myl buite die dorp wees. Toesprake word gehou deur genle. J. S. du Toit, die K.G. en die A.K.G. Na verwag word, sal die Kommandant-generaal 'n belangwekkende toespraak hou waarin hy sal aantoon hoe die Ossewabrandwag onvermydelik en onverbiddelik gaan groei aan krag omdat die kragte van ons teenstanders begin afneem.

Waterberg-Suid

Met die parlementêre verkiesing van 7 Julie is op Groot Elandsfontein versersings verkoop deur veldkornette E. Oosthuizen. Hierdeur is 12/- ingesamel ten bate van die O.B. Noodhulp-fonds.

Op 7 Augustus 1943 het ook die Waterberg-Suid-Kommando (F2a1 en F2a6) Ossewabrandwagdag gevier.

As gevolg van vervoermoeilikhede en aangesien Brandwagte vër uitmekaar woon, is besluit om in plaas van een groot funksie, in elke veldkornetskaps 'n funksie te reël.

Die bedrag van £40 is ingesamel. — (Meegedeel.)

BYEENKOMSTE! GEBIED A

DIE KOMMANDANT-GENERAAL (Dr. J. F. J. van Rensburg)

Sal byeenkomste op die volgende plekke en datums toesprek:

PAARL	27 Okt., 8 nm.
SUTHERLAND	29 Okt.
FRASERBURG	30 Okt., 10 vm.
LOXTON	30 Okt., 3 nm.

MARKAGENTE

Ons is U agente en is trots dat ons dit mag wees. Met ons puik organisasie en versekerde afsetgebied kan ons u tevredenheid waarborg want dit is seker — u tevredenheid is die enigste basis van ons sukses!

Eiers, Pluimvee,
Groente, Vrugte,
Voer en Vee.

Volkskopermark BPK.

MOREMARK, NEWTOWN,
Foon 34-1442, Wolhuterstr. 62,
JOHANNESBURG.

STALIN SE DIPLOMATIEKE SPEL

(Deur oud-regter Chris Botha.)

Die Moskouse blad Oorlog en Werkersklasse het onlangs 'n artikel geskryf waarin dit heet: „Hoe langer die oorlog duur, hoe belangriker word politieke faktore. Hierdie faktore sluit gekompliseerde en teenstrydige prosesse in wat baie minder as militêre faktore onder beheer van die oorlogvoerende regerings is.” Na aanleiding van 'n gesegde van Harry Hopkins (Roosevelt se staatsmaker) gaan die blad verder en sê: „Die oorlog is reeds langer as die eerste wêreldoorlog aan die gang. Kan dit betwyfel word dat elke addisionele dag en maand die maatskaplike atmosfeer al hoe meer met waarskuwing span vir die oorlogvoerende lande?” Die blad is Stalin se onoffisiële mondstuk en dis verbasend om te lees dat Stalin sy bondgenote waarsku teen moontlike sosiale teenstrydige ontwikkelings. Dit is juis hierdie soort ontwikkeling van sosiale prosesse waaraan die Bolsjewisme sy ontstaan en Stalin sy bewind te danke het.

Waarom waarsku hy nou sy Bondgenote dat hy langer duur hierdie oorlog dieselfde soort ontwikkeling kan teweeg bring? Vir die gewone verstand lyk dit gek dat Stalin bang is vir 'n spook wat juis in sy kraam sal pas.

Maar Stalin is 'n nugtere politikus. Sy Bondgenote weet net so goed as hy (en hy weet dit) dat hy hulle nie waarsku teen 'n moontlike demokratiese herlewing as gevolg van die lange oorlogsduur nie. Want as dit die spook is, dan is hulle gediend met 'n langere oorlog en hy ook, want hy het 'n demokratiese konstitusie op papier en die Christelike Kerk is in alle eer herstel in Rusland met die seëning van die Aartsbiskop van York.

VREDESGERUGTE

Dat nasionaal-sosialisme die spook is waarteen gewaarsku word, is nie aan te neem nie. Die Geallieerdes is onder mekaar verdeeld oor die vraag hoe die beer se vel gesny moet word — nie oor hoe die beer gevang moet word nie. En dit is van groot belang om vooraf te weet wie die mes wat die vel moet sny in hande sal hê.

Bolsjewistiese diplomatie is onberekenbaar en onortodoks. Binnekort vind daar onderhandelings plaas tussen die ministers van buitelandse sake van die drie bondgenote. Gedurig duik daar stories op in die nuusblaai van pogings van die kant van Duitsland vir 'n aparte vrede met Rusland. Hierdie stories kan hulle oorsprong hê in Berlyn. Maar hulle kan ook uit Moskou stam. Dis seker dat daar in Engeland en ook in Amerika 'n vrees bestaan dat so iets kan gebeur en as dit gebeur, sal dit 'n geweldige skok vir al twee die lande wees. Daar bestaan die vrees dat die geskiedenis homself kan herhaal. In 1939 het Engeland met Stalin onderhandel. Die onderhandeling het misluk en die gevolg was 'n ooreenkoms tussen Duitsland en Rusland.

Onder die indruk van hierdie vrees reken Stalin miskien dat hy sy doel kan bereik. En die doel is: oprigting van 'n tweede front in Wes-Europa. Nie 'n tweede front uit die lug, ook nie 'n derde front in Italië of 'n vierde in die Balkan nie. Nee, 'n tweede front, voorafgegaan deur 'n grootskaalse landing in Wes-Europa en nie môre of later nie. Maar nou, onmiddellik. Beloof julle dit nie, dan sal die geskiedenis hom herhaal.

'n Mens kan jou voorstel watter invloed so 'n dreigement op Eden sal hê. Hy het 'n geskil met Hitler en Mussolini nie alleen op ideologiese maar ook op persoonlike gronde. Maar 'n grootskaalse inval in Wes-Europa en die stigting van 'n tweede front daar sal bloedige offers eis van albei kante. Dit sal buitendien nog 'n offer in materiaal eis wat saam met die verliese aan menselewens, albei kante so sterk kan verswak dat geen van beide later tot groot kraginspanning meer in staat sal wees nie. En dan natuurlik sal die sterkste arm met die skerpste mes in staat wees om die beer se vel te sny soos hy dit wil hê — dan

rol die „maatskaplike proses” na sy kant.

NIE VERSLAAN

Ondertussen sit die beer nog 'n hele entjie van die kooi af waar hulle hom wil vang — Berlyn. En volgens uitlatings van 'n Amerikaanse minister het die beer nou driemaal soveel geoefende soldate as toe hy die oorlog begin het. Hierdie ontwikkeling kan miskien die sleutel wees van die geheim dat Duitsland vanjaar net verdedigend in Rusland opgetree het en in Italië langsaam terugtrek, waarskynlik na 'n sterk verdedigbare posisie. Dat die beer se naels nog nie heeltemal stomp is nie, blyk uit die manier waarop hy in Rusland terugtrek. Dit blyk egter nog meer dramatiese uit sy blitssnelle optrede in Italië en die Balkan onmiddellik na die bekendmaking van Italië se oorgawe en die verraad van Badoglio en Victor Emanuel.

Vir ons in Suid-Afrika is hierdie ontwikkeling in die oorlog van besonder belang. Ons Eerste Minister is geroep na Engeland vir beraadslaging. Die Cape Times sê, hy word geroep omdat sy grondige kennis van Europese toestande vir Churchill van groot waarde sal wees. Wickham Steed sê, hy is net die regte man om die geskille tussen Engeland en Amerika te besleg. Wat die verskille is, weet ons nie — waarskynlik ook al weer oor die beer se vel.

Omtrent sy kennis van Europese aangeleenthede is 'n verhaal wat uit Wickham Steed stam nie onvanpas nie. By die Vredesonderhandeling van Versailles het Smuts na Oostenryk gegaan, belas met die taak om ondersoek in te stel hoe die opvolgerstate van Oostenryk onder mekaar die buit moes verdeel. Na sy terugkeer het genl. Smuts Wickham Steed ontmoet en die sailles het Smuts na Oostenryk gegaan, Nou weet ek presies hoe die verdeling moet gaan, maar sê bietjie vir my, „waar lê nou eintlik Moravië”!

LANDSDIENSKAMP OP K.G. SE PLAAS

Offisiere met Pik en Graaf

Ongeveer 40 offisiere van die Randse generaalskappe het die lang naweek van 2 tot 4 Oktober 'n uiters aangename landsdienskamp op die plaas van ons Kommandant-generaal in die distrik van Pretoria bygewoon. Diegene wat nie die Maandag moes werk nie, het die geleentheid gehad om hul stroewe stadse litte met die verfrissende arbeid aan die grond los te maak. Die resultaat was dan ook dat 'n dreineringsloot van ongeveer 150 tree gegrawe is. Hul bleek velle is ook nie deur die son gespaar nie. Gelukkig het die groot sementdam heerlike verkoeling gebied.

Die Saterdag het al die offisiere tot laat die aand wakker gebly om ons Kommandant-generaal van 'n lang reis terug te verwelkom. Dr. Van Rensburg was die hele week op 'n reis deur Wes-Transvaal en die Saterdag-aand het hy 'n Noodhulpfunksie op Springs toegesprek met die gevolg dat hy eers laat tuisgekome het. Heerlike koffie het vir hom gewag en hy het nog lank gesellig saam met die offisiere om die Kampvuur gesit en gesels niteenstaande die feit dat hy 'n vermoede week agter die rug gehad het. Sulke handelwyse kan natuurlik nie anders as om die verbondenheid en kameraadskap tussen die K.G. en sy offisiere nog verder te verhoog nie. „Ons ken ons K.G. omdat hy een van ons en één met ons is,” het een offiser dit uitgedruk.

Die Sondagoggenddiens is in teenwoordigheid van die Kommandant-generaal en mev. Van Rensburg gelei deur genl. G. Puren. Later in die oggend het die K.G. en mev. Van Rensburg en 'n paar vriende wat by hulle op besoek was, by die offisiere in die tente gaan koffie geniet.

Mandagoggend het die tyd vir landsdiens aangebreek vir diegene wat nie reeds na hul werkkring moes terug-

Leier wat Volksbelang Bo Voordeel Van Eie Party Gestel het

Genl. Hertzog se Houding Tydens Rebelle

In die verslag van die Gekose Komitee insake die Rebelle van 1914 is daar enkele feite wat 'n belangwekkende lig werp op die grootheid van genl. Hertzog. Daaruit blyk duidelik hoe hierdie volksman nie 'n partyleier was nie, maar 'n ware volksleier wat, hoewel hy nie ten gunste van deelname aan die gewapende opstand was nie, nogtans nie die rebelle as nie sy mense verloor het nie, dog intendeel hul optrede goed gepraat het by die owerheid nadat die opstand misluk het.

In sy getuienis verklaar genl. Hertzog voor die kommissie dat hy „presies net soos genl. Beyers sou gehandel het” indien hy in sy plek was. Toe die lede van die kommissie hom daartoe wou beweeg om genl. Maritz se optrede te veroordeel, het genl. Hertzog in die bresse getree vir hom en

verklaar dat hy nie kan sien waarom 'n offiser nie ook volgens sy politieke oortuiging kan handel nie.

Na aanleiding van 'n opmerking van Merriman dat dit hom voorkom of dit die plig van genl. Hertzog was om 'n verklaring uit te reik waarin hy hom „disassosieer van 'n man wat muitery gepleeg en Britse Suid-Afrikaners aan die vyand oorgelewer het,” het genl. Hertzog geantwoord: „Ek moet sê ek verskil heeltemal van daardie sienswyse. Dit was 'n saak wat my eer geraak het en in 'n saak wat my eer raak, is ek die enigste persoon wat moet oordeel of ek iets moet doen of nie.”

Die voorsitter: „Maar het jy nie daaraan gedink om Maritz se optrede te repudieer nie?”

Genl. Hertzog: „Nee . . .” en dan laat hy op 'n verdere vraag volg: „Ek kan Maritz se redes baie goed begryp. Hy was waarskynlik meer verantwoordelik vir die rebelle van die Kaapkolonie tydens die vorige oorlog as enige ander persoon. Hy het tot die laaste saam met hulle geveg, en hulle was hoofsaaklik die mense wat later na Duitsland gegaan het. Toe hy later gevra is om die land aan te val waar in hulle woon, het hy gesê: Ek kan dit nie doen nie. Sal julle my bedanking aanvaar?”

'n Verdere bewys vir sy grootheid van inbors is sy standpunt ten opsigte van sy eie party in daardie tyd. Nadat die parlement die besluit geneem het om Duitsland aan te val, sou 'n mens verwag het dat hy as partyleier groot politieke munt sou slaan uit die besluit ten behoeve van sy eie party. 'n Mens kan jou voorstel watter skitterende kans hierdie besluit vir partypropaganda gebied het as in aanmerking geneem word dat duisende Bothavolgelinge ook gekant was teen die inval (Vervolg op bls. 6, kol. 2)

DE KOCK se GARAGES

Voortrekkerstraat, Herefordstraat,
MIDDELBURG, GROBLERSDAL,
Transvaal. Transvaal.

Eienaar: D. D. DE KOCK
Agente vir Pontiac en G.M. Vragmotors

TOT U DIENS ! . . .

V.M.K. AANBEVEEL.

£100,000

ste oor die afgelope boekjaar en 'n diwidend van 8% word weer verklaar op inbetaalde kapitaal.

U soek na 'n suksesvolle saak om u geld in te belê en hier is u kans! Besoek ons organisasiekantore waar u kan verneem van die groot omset en uitbreidingsmoontlikhede van ons sewe takwinkels en twee fabriekke of vra om inligting op die vorm hieronder.*

Organisasiekantore:— Johannesburg: Spoorbondkasgebou, de Villiersstraat. Kaapstad: Kamer 614, Groote Kerkgebou. Bloemfontein: St. Andrewstraat 123. Port Elizabeth: Kamer 617, Colonial Mutualgebou.

EXCELSIOR MEUBELS BPK.

* Die Sekretaris, Excelsior Meubels Bpk.,
Posbus 6670, JOHANNESBURG.

Stuur asseblief besonderhede van u aandeel aan:—

M.....

(O.B.).....



Geklassifiseerde Advertensies

Tarief vir Geklassifiseerde Advertensies: 2d. per woord en 6d. vir elke afsonderlike versprei, minimum 4/- per plasing, streng vooruitbetaalbaar. Advertensies kan gestuur word aan Voorslag Bpk., Posbus 1411, Kaapstad of Publicite Bpk., Posbus 4892, Johannesburg.

GEBOORTE

JOUBERT. — Aan mnr. en mev. Fanie Joubert, Bellville, 'n dogter op 5 Oktober.

VILJOEN. — Aan H/Komdt. en mev. A. D. Viljoen, Worcester, 'n welgeskape dogtertjie op 14 Oktober. Loof die Heer.

VAN NOORDWYK. — Aan mnr. en mev. Van Noordwyk, Goodwood, fris tweelingseuns op Sondag, 2 Oktober. Aanvulling van die O.B.-geraamte.

VERLOWING

VAN DER MERWE—VAN SCHALKWYK: Hiermee wens ons twee, Jeugveldkornette mej. Hennie van Schalkwyk, Amice, Fraserburg, en Hoofkomdt. Eerw. Willie v. d. Merwe, Administratiewe Stafhoof, Hoofkwartier Gebied B, Cradock, bekend te maak dat ons ons op 1 Oktober verloof het.

DOODBERIG

VAN DYK. — Hartverskeurend was die plotselinge heengaan, op die middag van 6 Okt. 1943, as gevolg van hartverlamming van mnr. Andries Nicolaas van Dyk, Bloubokkiesfontein, Napier, in die ouderdom van 62 jaar. Diep betreur deur sy agterblywende eggenote en kinders.

TE KOOP GEVRA

TE koop gevra: Kerrie beeste, opreggeteelde verse of jong koele van 1—6 jaar. Besonderhede: J. C. van Rooyen, Utrecht, Natal.

TE KOOP

Raadpleeg Benade vir die koop en verkoop van huise, plote en plase in Bloemfontein en distrikte. Geld beskikbaar teen lae rentekoers. J. G. Benade, Nasionale Gebou, Bloemfontein.

PATATRANKE. — Beroemde Kleinkarootopranke, beskikbaar vanaf 15 Oktober tot Januarie. Bestel dadelik vooruit. Sesmaande ranke 6/9 per duisend, driemaande ranke 7/9 per duisend, gelewer in sakke, Plathuis-halte. Kontant voor aflewering. A. H. de Vries, Warmwatersberg, Barrydale.

DEEL in die Winste. — Weet u alles van die opspraakwekkende verowering van die meubelmark deur 'n suiver Afrikaanse-onderneming? Excelsior Meubels se pragtige toon hoe ses groot takwinkels en twee fabriekke in diens van die volk presteer. U kan deel in die winste — die brosjure verduidelik hoe. Skryf dadelik om gratis brosjure aan: Excelsior Meubels Beperk, Posbus 6670, Johannesburg.

LEMOENE. — Valencia-lemoene, lemmetjies en Pomelos (grape fruit) 2/6 per sakkie hier, vir nie minder as 5 sakkies. K.M.B. H. S. Visser, Elandsfontein, Clanwilliam.

OMTRENT 500 gemengde merinoskaap, van twee tand tot slyt. Elfmaande wol, en in goeie kondisie. Prys 25/- stuk om almal te neem. Skryf aan: J. A. Kloppe, Frieslandse, Pos Ida.

BESTE kwaliteit Heuningtee: 93 pond 18/6 50 pond 10/-; 25 pond 5/6. Biesle-Besems met steele 2/-. Besems vir huishoudelike gebruik 1/8 met steele. Gelewer Bushalte. Speelmanskraal, George K.M.B. J. P. Wagener, Klip Rivier, P.K. Speelmanskraal, George.

PERSOONLIK

ADVERTEERDER, ('n offisier in die Ossewabrandwag vanaf die oprigting van die Volksbeweging) by profession 'n publieke Rekenmeester, met jarelange ondervinding, gegradueerd aan die Instituut vir Gesertifiseerde Boekhouders (F.C.I.B.) (S.A.), open 'n kantoor te Kaapstad, mits voldoende ondersteuning verkry word. Is ook bereid om in 'n reeds bestaande Ouditeurs Praktijk kapitaal te belê. Rig aansoek aan: L/L, Posbus 1411, Kaapstad.

BETREKKING VAKANT

BENODIG: 'n Privaat onderwyseres vir twee Std. I kinders, Goewernements skool. Salaris £12 per kwartaal met vry inwoning; moet dadelik begin. Kwalifikasies en getuiskrifte aan D. J. Pistorius, Coalbrook, O.V.S.

JUNIOR Klerk vir algemene kantoorwerk. Kennis van tik 'n aanbeveling. Dienste kan onmiddellik of nie later dan 1 November 1943 begin word. Applikant moet lid wees van die O.B. Salaris volgens verdienste. Rig applikasies met getuiskrifte aan: Die Stafhoof, O.B. Kantore, Kamer 603, Groot Kerkgebou, Kaapstad.

BENODIG: Onderwyseres vir twee kinders, beginner en std. 1. Goewernements Sillabus. Musiek 'n aanbeveling. Aanvang eerste kwartaal 1944. Vry inwoning in gerieflike boerewoning met bediendes. Salaris £15 per kwartaal, of £20 indien bereid deel huishoudelike toelag waar te neem. Besonderhede, getuiskrifte en kwalifikasies verlang. Doen aansoek: J. H. Moolman, Merino, Cradock.

Uitgegee deur Voorslag (Edms.) Beperk, Kamer 703 Groot Kerkgebou, Adderleystraat, Kaapstad, en gedruk deur Pro-Ecclesia-Drukkery, Die Laan, Stellenbosch.

VERLORE AKTE VAN TRANSPORT

Kennis word hiermee gegee dat ek van voornemens is om aansoek te doen vir 'n gesertifiseerde afskrif van Akte van Transport No. 3698, gedateer 26 Junie 1933, gepasseer deur Frederiek Antonie Jansen ten gunste van Willem Johannes Haarhoff, ten opsigte van

Seker stuk grond geleë in Plasketstraat in die Munispaliteit en Afdeling Graaff-Reinet, synde gedeelte A van Perseel X. Groot 28 Vierkant Roede, 20 Vierkant Voet.

Enige persoon wat beswaar het teen die uitreiking van voormelde afskrif, word hiermee versoek om dieselfde skriftelik in te dien by die Registrateur van Aktes, Kaapstad, binne drie weke vanaf die datum van die laaste publikasie van hierdie kennisgewing. Gedateer te Graaff-Reinet hierdie 5de dag van Oktober 1943.

A. H. STANDER,
Prokureur vir Applikant.

HERHOLDT SE BOOMKEWERYE

Bus 660 Johannesburg

Krisante, planttyd Oktober-November, met name: Tuinversameling pragtig gesorteerde Kleure, 9/6 vir 6, 15/6 per dosyn. Luukse-sortering pragtvolsoort, 10/6 vir 6, 18/6 per dosyn. Operasortering, nuutste reus-sporsoorte, goud, brons, rooi, wit ens. 21/- per dosyn, 12/6 vir 6. Amerikaanse angelie, beste genaamde soorte, behoorlike sortering, 7/6, 10/6, 12/6 per dosyn. Kontant met bestelling.

VERJAARDACKETTING

21 Okt.: Francois Albertus Smit (Merweville), Beatrix Immelman (Sutherland), Petrus William Kilian (Port-Elizabeth), Jacobus van Greunen (Kirkwood), Willem van Rooyen (Wilgenhoutsdrif), Michiel Basson (Observatory).

22 Okt.: Johanna Sophia Zwart (P.K. Aughrabies), Johannes van Eck (Beaufort-Wes), Cecile Cilliers (Paarl), Willem Eaton (Mosselbaai).

23 Okt.: Gertryda van Eck (Beaufort-Wes), Leslie van der Mescht (Port Elizabeth), Gertruida Botes (Plumstead), Hermina Rademeyer (Humansdorp).

24 Okt.: Mienie Steyn (Stellenbosch), Catharina van Eck (Beaufort-Wes), mej. B. H. van Zyl (Kakamas), Harlie Joubert (Sutherland), Jacoba Mans (Upington), Emma Olivier (Bellville), W. A. Botha (Somerset-Oos).

25 Okt.: Iris Jacobs (Carnarvon), Barend J. Lubbe (Clanwilliam), Christina Kitshoff (Woodstock).

26 Okt.: Anna Susanna Koen (Kakamas), Johanna Serfontein (George), Adriana Nortje (George), Maggie Geldenhuys (Stellenbosch), Christiaan de Wet Koen (Mosselbaai), Melville Masterson (Humansdorp), Hendrina Eksteen (Agter-Paarl), Rhia Theron (Carnarvon), Maria Anjalika Yvonne Scheepers (Kirkwood), Emil Röhrbeck (Pietersburg).

27 Okt.: Michael Vosloo (Port Elizabeth), Milly Theron (Duiwekop-Landgoed), Christina Bouwer (Bedford), Margaretha Elizabeth Melville (Humansdorp), Martha Susanna de Vries (Beaufort-Wes).

LEIER VAN VOLKSBEWEGING

(Vervolg van bls. 5, kol. 4)

val op Duitswes. Maar nie Hertzog nie! Op daardie oomblik het hy opgetree soos iemand wat die belange van sy party. In plaas van die volksgevoel uit te bui vir sy party, het hy besluit om sy partyorganisasie stop te sit tot tyd en wyl die toestand weer normaal sou wees. „Dit is 'n volksaak“, het hy aan genl. De Wet gesê en daarom moes hulle twee nie leiding neem nie ten einde te verhoed dat dit verval tot 'n partytwis. „Die beweging moet spontaan uit die volk kom“, het hy verklaar met verwysing na die protesvergaderings wat oral gehou was. As leier van 'n party het Hertzog op daardie kritieke oomblik homself teruggetrek van die openbare lewe en die „volksbeweging“ aan homself oorgelaat sonder vrees dat hyself op die agtergrond geskui sou word. En na die moeilikhede verby was, het die volk na Hertzog en sy party gestroom, want hy het laat blyk dat hy groot genoeg was om leier van sy volk te wees. Hy was volkman en staatsman — nie partypolitikus nie.

NOODHULPFONDS

Die volgende verdere bydrae tot ons fonds vir hulpverlening aan die afhanklikes van geïnterneerde Afrikaners is aan Die O.B. bekend gemaak:

26 AUGUSTUS — 25 SEPTEMBER.

GEBIED A.

Weeklikse bydrae Veldskoenkring Oudtshoorn f4-4-4; Vriend Eppingtuindorp 5/-; Vriend Oudtshoorn f5; P. J. Beukes 10/-; J. Potgieter 5/-; J. S. W. Bruwer f1; P. J. Marais f1; A11b7 f3; Mev. Lubbe, Terviel 5/-; A3c8 f10; Vriendin, Bellville 10/-; A11b1 f2; Fransie en Willie Smit, Merweville 12/2; Elsbeth Wessels, Merweville 5/-; A3b6 f1-5-0; A3c6 f5; A10a6 f1; A8b1 en A8b6 f10-10-0; A1c7 f3-10-0; Veldskoenkring, Oudtshoorn f2-0-8; A14a7 f2-5-0; Vriende, Mowbray f1-5-0; Twee vriende, Jansenville f1; Mev. S. Thiem, Worcester 10/-; Weeklikse bydrae Veldskoenkring, Oudtshoorn f1-15-3; A13a7 f5; A13a2 f5; Karoobossies, Kaapstad f2-2-0; Arbeidsdiens, Kaapstad f3-1-6; N. J. Steyn, (Huiskollekte) P.K. Barrington f1-5-0; A15c8 f5; A5c8 f7; Weeklikse bydrae Veldskoenkring Oudtshoorn f1-18-9; Mnr. P. A. Boulongne, P.K. Shannon f1; Mnr. J. J. Wessels, P.K. Aberfeldy 5/-; A3b6 Offergeld f35-17-9; A3b6 Werkgeselskap f2-10-0. Totaal f128-17-6.

GEBIED B.

Mnr. en mev. C. Els, Cradock (B1a1) f1; Burgersdorp (B1c1 en B1c6) f10; Steytler-ville (B4c3) f1; Humansdorp (B5b6) f5; Alwal Noord (B2c6) f9-1-6; Elliot (B2b2) f18. Totaal f44-1-6.

GEBIED C.

Kommando C: 1a f3-5-0; 1a1 15/6 1a2 f3-3-6 1a7 f17-16-6; 1a8 en 1a9 f37-7-3 1a9 f3-18-6; 1b1 f5-12-6; 1b6 f2-12-6; 1b7 f2-18-6; 2a1 10/-; 2c8 f2-10-0; 3a3 f1-2-0; 3a7 en 4b2 f2; 3c1 f9-16-0; 3c3 f21; 3c6 f4-4-6; 4a2 en 4a7 f3; 4c7 14/-; 5b3 f3-19-0; 5b6 f4-14-2; 5b7 f1-8-6; 6a1 19/6; 6a2 f4-7-0; 6a6 f2-10-0; 6c1, 6c2, 6c6 6c7 f15-3-7; 7a3 en 7a8 f32-18-6; 7a6 f1-17-6; 7a7 f1-13-0; 7e6 f1; 8a6 f1; 8a7 f1; 8a8 f2; 8b6 f1-1-6; 8c6 f10; 8d2 f1-1-0; 8e8 7/-; 9a1 f9-15-0; 9b1 f3; 9c3 f5; 9c8 15/-; 9d8 f12-4-6; 10a7 f1-12-6; 10b6 17/6; Generaalskap C11 f59-18-9; Hoofkantoorstaf 11/-; Komdt. mev. H. v. d. Merwe, f33 Eerstelaan, Bloemfontein f1; J. E. Malherbe, P.K. Roelofskamp, oor Vryburg f4; Hoofkomdt. A. C. S. Nel, P.K. Sperville, oor Bloemfontein f12-10-0; Mev. A. C. S. Nel, Sperville, oor Bloemfontein f3-16-0. Totaal f324-6-9.

GEBIED D.

Gebiedshoofkwartier f6-12-6, f2-5-0; f9-0-8. Totaal f17-18-2.

GEBIED E.

Kommando E: 1a2 f8-10-0; 1a7 f8-10-0; 1b1 f15-7-6; 1b2 f18; 1b3 f37-16-6; 1c1 f24-1-6; 1c7 f20-12-0; 2a1 f3-4-0; 2a2 f4-10-0; 2a3 f6-14-0; 2a8 f5; 2b1 17/6; 2b3 f1; 2b6 f7-4-0; 2b7 f2; 3a1 f2-13-0; 3a3 f4-18-6; 3a6 f5-9-0; 3b2 f1; 3c7 f10-18-0; 4a1 f8-12-6; 4b3 f4-15-0; 4c8 f14; 5a1 f4-4-0; 5a2 f6; 5a3 f7-4-6; 5a6 f4-9-6; 5a7 f2-5-0; 5a8 f8-1-0; 5b3 f2-5-6; 5b6 f6-7-6; 5c1 f22-16-1; 5c2 f17-2-0; 5c3 f23-13-6; 5c7 f4-13-6; 6a1 f12; 15-6; 6a7 f3-5-0; 6b2 f1; 6b4 f4-14-0; 6b6 f1-19-9; 6c7 f2-13-0; 7c2 f6-5-0; 7c7 f6-5-0; 8a2 f4-17-6; 8a4 f1-3-0; 8a7 f24-1-6; 8a8 f6-4-9; 8c2 f3-19-0; 9a1 f6-1-0; 9b6 f1-5-6; 10a2 f10; Noodhulpfonds ES f4-18-0; Bydrae f12-8-3. Totaal f448-11-4.

GEBIED F.

Kommando F: 1a1 f7-12-0; 1a4 f7-8-6; 1b2 f4-7-0; 2b3 f5-13-0; 2b6 f7-11-0; 2b7 f4; 2b8 f2-8-11; 3a6 f1-4-6; 3c7 f4-1-0; Vriend Transkei f2; Vriend Transkei 12/6; 4a7 f4-16-6; 4a8 f1-3-6; 4b3 f50-13-7; 4b3 7/-; 4b4 f5-16-3; 4b7 f50-13-7; 4b7 7/-; 4b8 f8-13-6; 4c1 f22-7-1; 4c3 f14-0-6; 4c6 f37-4-6; 4c6 10/-; 4c7 f4-4-6; Mev. S. van Heerden f5; 4a1 f1-10-0; 4a3 f4; 4a6 f13/6; 4a6 1/-; 4b4 f2-17-6; 4b6 f21-15-3; 4c2 f2-7-4; 4c3 f4-18-6; 4c6 f31-6-3; 4c6 f6-10-6; 4a1 f6-7-6; 4a6 7/-; 4a8 12/-; 4b8 f9-12-9; 4c1 f22-14-3; 4c2 12/-; 4c3 f4-2-9; 4c6 f35-10-9; 4c7 18/-; Uniewinkels Personeel en Vriende f1-12-3; 4a1 f3-2-6; 4a7 f2-17-0; 4a7 8/-; 4a7 f1-12-0; 4b6 f4-8-0; 4b8 f1-9-3; 4c2 f3-3-0; 4c2 6/6; 4c6 f40-10-0; Mev. Marais f2-3-0; 5a3 f9-7-3; 5a6 f9-7-3; 5c3 f2-15-0; 5c7 f2-15-0. Totaal f405-8-9.

BOEREJUG-NOODHULP

(Tot 30/9/43)

Potchefstroom Boerejug f6-13-2; Boeredogters Potchefstroom 12/-; Boerejeugs Potchefstroom 10/-; Boerejeugs Ladybrand 3/-; Boeredogters Ladybrand 1/-; A15c8 f4; E6c2 f3-10-0; Johannes, Hermine en Hennie Cadle 13/3; Kitty Jonker f2-10-0; Lina en Louisa Stevens 10/-; Noord-Transvaalse Jeugfront-lae f4; A15b7 f3-1-6; A2a2 f7-10-0; A10a6 f2; A8a6 f8-15-1. Totaal f44-9-0.

SUTHERLAND Kry Sy Beurt.

KOM VIER SAAM MET ONS FEES.

DIE KOMMANDANT-GENERAAL BESOEK SUTHERLAND

op

29 OKTOBER 1943.

PROGRAM:

10 vm.: Perdekommando ontmoet die Komdt.-Generaal.

10.30 vm.: Opening van Basaar.

8.15 nm.: VERGADERING in die KERKSAAL.

Warm en koue etes en gesellige verkeer deur die dag.

Alle Afrikaners van omliggende dorpe welkom.

Gee asb. kennis van oorkoms aan komdte. C. E. THERON.

W. F. CARSTENS

(Edms.) Bpk.

BEGRAFNISONDERNEMERS en BLOEMISTE
Centralweg 52, Fordsburg
Beckettsgen, Presidentstraat, Johannesburg
DIENS ONOORTREFLIK — PRYSE LAAG

SPEZIALE

AANBOD, —

LAAT BESENDING AANTREKLIKE

„Jarmode“- en „Gero“-

BAADJIEPAKKE en JASSE

Teen egte verminderde Pryse by

Steyns

PAROW

DIE MODERNE DAMES-
MODISTE

116 Takke 44.000 Reserwe-fonds
Lede **AVBOB** f113.000

Hoofkantoor:

St. Johnstraat 65, BLOEMFONTEIN
Begravnisse, Kiste, Kranse, Grafstene

Belangrike Aankondiging PAS VERSKYN

Menslike Physiologie (Deel I.)

deur

H. E. Brink, D.Sc. (Stell.).

553 blss. 116 teksfigure. Prys 20/-
(Posgeld 9d.)

'n Standaard handboek vir mediese studente, B.Sc.-studente, studente aan Opleidingskolleges en onderwysers van Physiologie aan Hoërskole.

Weens papierskaarte is slegs 'n beperkte aantal eksemplare van hierdie baie waardevolle handboek verkrygbaar.

Plaas dus dadelik u bestelling by u plaaslike boekwinkel of direk by die uitgewers:

Pro Ecclesia-Drukkery
Die Laan Stellenbosch

W. VOIGT BPK., HUGENOOT

Fabrikante van ...

Kelder en Besproeiings

Masjinerie,

Sleepwaens,

Boerewaens, Ens., Ens.

Foon: Paarl 23.

Posbus 10, Hugenoot.